# IETS VIR DIE BASAAR



Dié oulike poppies met hul oumensgesiggies word met gedroogde laventel of potpourri gevul sodat hulle motte uit jou kaste sal hou




**KRULLETJIES: (2 dele):** Begin met 15 ks.
**1e ry:** beg in 3e ks vanaf hekelpen, 13 kb, 1 ks.
**2e ry:** kb in 1e kb, 11 lus-ste, kb in laaste kb, 1 ks.
**3e ry:** 13 kb, 1 ks; herh laaste 2 rye tot krulletjiesdeel om hanger pas. Werk aan sykante toe, trek oor hanger, gs aan lyf vas, werk oop kante toe.
**DOEK MET BABATJIE:** Knip 'n stuk garing van 4 m, splits in twee om 2-draad-garing te verkry. Met 2,50-mm-hekelpen hekel 10 ks. Begin in 3e ks vanaf hekelpen, kb tot einde, 1 ks. Hekel 8 rye om 'n vierkant te verkry, aan einde van 8e ry 16 ks, gs aan teenoorgestelde kant vas om draband te maak, sit poppie in doek en werk vas.

**LUIER:** Beg met 13 ks, 1 kb in 2e ks vanaf hekelpen, 12 kb, 1 ks, draai.
**2e ry:** 12 kb.
**3e ry:** Beg in 3e kb, 10 kb.

Hekel so voort in rye met verminderings tot 2 ste oorbly.

Knip garing af, vou en werk vas om soos 'n luier aan poppie te lyk.



## KLEREHANGERS

**BENODIGDHEDE: Vir een klerehanger:** *1 bol (25 g) Fiesta Kwik-Knit; klein klerehanger; klein stukkie geel of oranje vilt om bek en pote te maak; 2 klein kraletjies vir ooievaar se oë; 3 pypdeurstekers; pluisie watte; materiaal of skuinsband van dieselfde kleur; hekelpenne van 2,50 mm en 4 mm.*

**AFKORTINGS:** *ks – kettingsteek; kb – kortbeen; hlb – halflangbeen; lb – langbeen; gs – glipsteek; beg – begin.*

**AANWYSINGS: Vir naaldwerkdeel:** Trek hanger oor deur dubbelgevoude materiaal of skuinsband daarom te draai. Draai dit ook om die haak om die nek te vorm. Knip bek van vilt. Knip 2 pote en werk 8,5 cm daarvan toe. Knip 2 tone, steek pypdeurstekers in en werk aan materiaaldeel vas, 1 cm van mekaar af.
**Hekelwerk: Nek:** Begin met 6 ks, 5 kb in ks, 1 draai-ks; hekel 14 rye.
**Vlg ry (kop):** 2 hlb in elke hlb, 2 ks.
**Vlg ry:** 1 hlb in elke hlb, 1 ks.
**Laaste ry:** 1 kb in elke 2e hlb. Knip garing af en werk af.

Vou om metaalhaak en werk vas. Glipsteek viltbek aan kop vas, vou en stik verder vas. Steek pypdeursteker en watte in en werk aan materiaal van hanger vas. Werk 2 swart kraletjies aan om oë te vorm.

**LYF:** 11 ks, plus 3 ks vir 1e lb; beg in 4e ks vanaf hekelpen, 1 lb in elke st tot einde; 11 lb; draai.
**2e ry:** 1 kb in 1e lb, 1 ks, lb op lb, lb op draai-ks, draai.

Herh 2e ry tot 7 rye voltooi is. Knip af.

Steek 2 pote deur middelste steke van 4e ry, heg die 2 rande aan bokant van hanger vas, gs aan nekgedeelte vas.

## GEBORDUURDE, WIT WARMSAK

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 100 g Fiesta Pullskein; oorskietwol in gekose kleure om mee te borduur; paar breinaalde van 3,50 mm; borduurnaald Nr. 20.*

**SPANNING:** *19 ste en 42 rye = 10 × 10 cm oor reksteek met 3,50-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r – brei regs; aw – brei averegs; rs – reksteek (= elke ry regs); herh – herhaal; r2 tes – brei 2 steke tesame regs; m1 – maak een steek; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; weersk – weerskante.*

**AANWYSINGS:** Stel 29 ste op en brei rs, vermeer 1 st aan weersk van elke ry, 16 keer — 45 ste.


Brei voort op die 45 ste (op die diagram word die 2 sykantsteke wat vir nate nodig is, nie weergegee nie).

Wanneer werk ongeveer 28 cm lank is vanaf begin, brei 'n gaatjiesry soos volg:
**1e ry:** *r2 tes, m1*; herh tot einde van ry.
**2e ry:** Deurgaans aw, ook die m1-ste.
Brei nou nog 6 cm rs. Heg af.
Brei 2e pant op dieselfde manier.
Borduur motiewe voor jy sykante toewerk, volg aanwysings op diagram. Onthou dat elke vierkantjie van diagram een steek horisontaal en 2 rye vertikaal voorstel.

**AFWERKING:** Stik twee sykante toe, asook onderste rand, maar laat 'n opening van 5 cm in middel van onderste rand. Met 3 drade borduursy in gekose kleur word nou 'n koordjie van 70 cm lank gedraai en dit word deur gaatjiesry aan bokant van warmsak geryg om in te trek en te strik.

## SLEUTEL TOT DIAGRAM

V — groen  O — ligblou
I — donkerblou  X — oranje



## POTPOURRI-POPPIES

**BENODIGDHEDE:** *Oorskietgaring in ligte kleure; 1 paar breinaalde van 2,25 mm; 'n hekelpen om by dikte van garing te pas; watte of kapok om poppies gedeeltelik mee op te stop; gedroogde laventel of potpourri; kraletjies en ander kleinighede vir versiering.*
**MATE:** *Die poppies behoort ongeveer 9 cm lank te wees.*
**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek steke; tes - tesame; ms - mossteek; ks - koussteek; vermin - verminder deur twee steke tesame te brei; herh - herhaal.*

## BABA

Met wit, stel 31 ste op.
**1e ry:** r 1, *aw 1, r 1; herh van * tot einde.
Herh dié ry nog 23 keer.
Brei 8 rye ks met wit, dan 6 rye met pienk.
Knip pienk af. Met wit, r 1 ry, brei dan 3 rye ms, vermin 1 st aan einde van laaste ry — 30 ste.
**1e (vermin)-ry:** r2 tes, *aw2 tes, r2 tes; herh van * tot einde — 15 ste.
**2e ry:** ms.
**3e (vermin)-ry:** *r2 tes, aw2 tes; herh van * tot 3 ste oorbly r2 tes, r 1 — 8 ste.
**4e ry:** * 1, aw 1; herh van * tot einde.

Knip garing af, ryg draad deur oorbl ste, trek stewig vas en heg af. Werk dan agterste naat toe. Stop kop liggies op.
Ryg 'n draad garing deur die eerste pienk ry en trek styf om kop en gesig te vorm. Vul lyf liggies met laventel of potpourri vir die laaste 2 cm. Werk dan onderste naat toe.
Vorm arms deur 'n paar stekies langs die sye af te werk, 1 cm vanaf syrand. Begin net onder die ingetrekte hals en eindig net onder die middel. Borduur handjies met 'n paar stekies in pienk. Borduur 'n mond en oë met Franse knoopsteek en borduur 'n paar haarkrulletjies met geel en worssteek. Draai 'n koordjie van blou garing en strik dit om hals. Hekel 'n ketting van wit garing om poppie mee aan klerehanger te hang.

## BRUIDJIE

Brei en werk af soos uiteengesit vir baba, tot sover as die borduur van handjies. Borduur oë met blou, neus met pienk en mond met rooi. Borduur met liggeel 'n paar lussies om haarkrulle voor te stel. Werk 'n halssnoer van pêrelkraletjies rondom hals, en werk 'n blommetjie vas of borduur 'n paar blommetjies by handjies. Werk 'n stukkie tulle of ander sluiermateriaal aan agterkop vas om sluier te vorm. Vang dit bo-op kop vas om hooftooisel te vorm.
Maak 'n lus van smal lint om poppie mee aan hanger te hang.

## VROUTJIE MET SAMBREEL

Soos uiteengesit vir baba, tot borduur van handjies.
**Hoed:** Met dieselfde garing as wat vir rokkie gebruik is, stel 30 ste op en brei 1 ry r en 1 ry aw. Heg af.
Werk syrande aanmekaar en werk rondom kop vas bokant laaste pienk ry.
Borduur oë met blou, neus met pienk en mond met rooi.
Ryg 'n stukkie smal kant om kraag om hals te vorm, en ook om soom van rok. Druk 'n kraletjie in 'n tandestokkie en knip 'n stukkie vilt om toegevoude sambreel te vorm. Maak 'n lus om aan op te hang.

## OU VROUTJIE

Soos uiteengesit vir baba tot borduur van handjies met enige ligte kleur.
Brei die boonste deel van kop ks met bruin.
Borduur oë met bruin, neus en mond met pienk.
Werk 'n smal ingerygde kantjie om hals vas om kraag te vorm. Werk bruin garingdrade aan middel van kop vas en bind dit om kop om bolla te vorm. Gebruik twee tandestokkies om breinaalde voor te stel en brei 'n paar rye om 'n breiwerkie te wees. Werk dit aan handjies vas. Maak 'n bruin lus om poppie aan te hang.

## KOORKNAAP

Soos baba tot borduur van handjies, maar brei 2 rye rs aan begin, dan deurgaans ks, eerste 4 rye rooi en bokant van kop bruin. Borduur oë met blou, neus en mond met pienk. Werk 'n ingeryde kantjie om hals vas om kraag te vorm. Maak 'n bruin lus om aan te hang. ●



Heath O'Donoghue 5375

